verklaring word in die Staatskoerant van 26.5.1978 gepubliseer.

Die historiese Stasiegebou, Middelburg.

[illegible] eerste [illegible] regeringsgeleentheid vir die daarstelling van 'n [illegible] Delagoabaai was president T.F. Burgers, wat reeds in 1875 [illegible] het ten einde hierdie plan aan [illegible] maatskappye voor te lê. Vanweë faktore soos die Sekoekoeni-oorlog en die Eerste Vryheidsoorlog het belangstelling in 'n weg na die ooste d.w.s. 'n spoorlyn, [illegible] weer gekwyn.

G.G. no. 6028

[illegible] na 'n hawe wat [illegible] sou wees van Britse [illegible], het die [illegible]

No. 1077 — 26 May 1978

**NATIONAL MONUMENTS ACT, No. 28 OF 1969**

**DECLARATION OF THE STATION BUILDING AT MIDDELBURG, TRANSVAAL**

**By virtue of the powers vested in me by section 10 (1) of the National Monuments Act, 1969 (Act 28 of 1969), I, Pieter Gerhardus Jacobus Koornhof, Minister of National Education, hereby declare the historic station building at Middelburg, Transvaal, to be a national monument.**

*Description*

The historic station building, situated on certain piece of land, being Portion N (Railway Ground) of the farm Middelburg Town and Townlands No. 303, in the District of Middelburg, Province of the Transvaal, and measuring forty-five (45) morgen five hundred and forty-three (543) square roods.

Certificate of Registered Title 7592/1949, dated 29 March 1949.

*Historical and architectural interest*

This railway station is an important feature of the railway line from Pretoria to Delagoa Bay, which was constructed between 1890 and 1894 by the well-known "Nederlandsche Zuid-Afrikaansche Spoorwegmaatschappij". The station was probably built in 1894 and was the only refreshment post on the route. The stepped gables are particularly noteworthy and are a reminder of the important Dutch contribution to the Eastern line, as it was known. 10/2/560.

P. G. J. KOORNHOF, Minister of National Education.

No. 1077 — 26 Mei 1978

**WET OP NASIONALE GEDENKWAARDIGHEDE, No. 28 VAN 1969**

**VERKLARING VAN DIE STASIEGEBOU TE MIDDELBURG, TRANSVAAL**

**Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 10 (1) van die Wet op Nasionale Gedenkwaardighede, 1969 (Wet 28 van 1969), verklaar ek, Pieter Gerhardus Jacobus Koornhof, Minister van Nasionale Opvoeding, hierby die historiese stasiegebou te Middelburg, Transvaal, tot nasionale gedenkwaardigheid.**

*Beskrywing*

Die historiese stasiegebou geleë op sekere stuk grond, synde Gedeelte N (Spoorweggrond) van die plaas Middelburgdorp en -dorpsgronde No. 303, in die distrik Middelburg, provinsie Transvaal, en groot vyf-en-veertig (45) morg vyfhonderd drie-en-veertig (543) vierkante roede.

Sertifikaat van Geregistreerde Titel 7592/1949, gedateer 29 Maart 1949.

*Historiese en argitektoniese belang*

Hierdie spoorwegstasie maak 'n belangrike punt uit op die spoorlyn vanaf Pretoria na Delagoabaai wat tussen 1890 en 1894 deur die bekende Nederlandsche Zuid-Afrikaansche Spoorwegmaatschappij gekonstrueer is. Die gebou is waarskynlik in 1894 opgerig en was die enigste verversingspunt op die roete. Veral noemenswaardig is, die trapgewels, wat herinner aan die belangrike Nederlandse bydrae tot die sogenaamde Oosterlyn. 10/2/560.

P. G. J. KOORNHOF, Minister van Nasionale Opvoeding.

[illegible] gegaan. Die aantreklike trapgewels herinner aan die Hollandse invloed en die rol wat die Nederlanders in die totstandkoming van die Oosterlyn gespeel het. As boumateriaal is veral sandsteen en graniet gebruik. 'n Besondere luuksheid was die opgeboude perron. Die stasie was destyds nog ongeveer 'n myl buite Middelburg geleë.

Ent. in register

Die Oosterlyn is op [illegible] Oktober 1894 voltooi en op [illegible] Januarie 1895 amptelik geopen. Die belangrikheid van die Middelburg-stasie het hierna daaruit geblyk dat dit die enigste plek was waar passasiers op die ooswaartse rit maaltye kon nuttig. Die belangrikheid van hierdie proklamasie

9.6.78

..../2